**Saterdag 9 September**
**Skrifgedeelte: Psalm 8**
**Fokusgedeelte: Psalm 8:4, 5 (AFR83/2020)**
**As ek u hemel aanskou, wat is die mens dat U aan hom dink?**
“Wat is die mens?” “Waarom is ek op aarde?” Vrae waarmee slim filosowe al baie jare worstel. Die antwoorde word foutiewelik by die mens self gesoek:

- my gevoelens
- my wil,
- my regte

Hoe meer die moderne mens op hierdie manier na oplossings soek, hoe minder kry hulle dit reg. Daarom is die chaos in die wêreld besig om te eskaleer ten spyte van al die ontwikkeling in die wetenskap, tegnologie, sielkunde en filosofie. Ten spyte van al die menseregte, aktiviste, en drukgroepe om onreg te probeer uitwis, neem konflik toe.
’n Soortgelyke vraag word 3 000 jaar gelede deur Dawid gevra, maar vanuit ’n teenoorgestelde hoek. Dalk een nag terwyl hy skape opgepas het, kyk hy op na die asemrowende hemelruim en sy gemoed loop oor van lof en ontsag vir die Here. Dan vra hy “Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?” en “U laat hom heers ...” In die skaduwee van God se almag sien hy die mens as klein en gering, dog opstandig teen sy wette. Reeds daarom doen die mens homself en sy medemens skade aan.
Tog draai God nie sy rug op die mensdom nie. Hy bly aan ons dink en bemoei Homself met die rebelse mensdom. Hy besoek ons om na ons om te sien. Daarom was daar ’n dag waarop God vlees geword het om ons brouwerk te kom herstel. Op grond van Jesus se kruisiging begin die uitverkore sondiges se innerlike genesing en herstel om weer te word wat God hom bedoel het om te wees.
Ons antwoorde kom nie wanneer ons dit in onsself soek nie, maar wanneer ons opkyk en ons lewenssin in God vind.
*Sing: Psalm 8-1:1, 3, 4, 5*
*Ds. GA Venter (Regardt) (Krokodilrivier/Brits)*